

Gereformeerde Kerk Bellville – 30 September 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 62:1 (p. 301)

- 1 Gewis, my siel is stil tot God! / My redding kom op sy gebod,
geen vyand hoef ek nou te dug nie. / Hy is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap ook dán lei / wanneer ek nêrens meer kan vlug nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 100:1, 2, 3, 4 (p. 494)

- | | | | |
|---|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| 1 | Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydskap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig! | 2 | Die HEER is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van sy wei te wees. |
| 3 | Gaan deur sy poorte in met lof,
met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;
verhef sy lof en prys sy Naam. | 4 | Want goedertieren is die HEER;
sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag
tot in die laaste nageslag. |

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 25:2 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

Gebed

Psalm 31:1, 3 (p. 143)

- 1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.
- 3 U is my ewige rots, o HERE! / Diep in u veil'ge sy / sal ek genestel bly.
U sal my lei, u Naam ter ere, / tot ek die net verby is / wat voor my voet gesprei is.

Skriflesing: Spreuke 30

Kernverse: Spreuke 30:24-28

Vier is dit wat klein is op die aarde, maar hulle is uitermate wys: die miere is nie 'n sterk volk nie, en tog berei hulle hul voedsel in die somer; die klipdassies is nie 'n magtige volk nie, en tog maak hulle hul huis in die rots; die sprinkane het geen koning nie, en tog trek die hele swerm in goeie orde uit; die geitjie kan jy met die hande gryp, en tog is hy in die konings se paleise. (Spreuke 30:24-28 AFR53)

Tema: Groot wysheid van vier klein skepseltjies

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, deesdae is dit maklik vir enigiemand om inligting oor enigiets onder die son te kry. Maak nie saak waar jy jou in die wêreld bevind nie, as jy iets

wil weet *Google* jy dit net. En binne sekondes het jy die inligting waarna jy op soek was. Dit is gerieflik om inligting so vinnig te bekom. Maar om baie inligting in so 'n kort tydjie bymekaar te maak en te sê dat jy van so 'n verskeidenheid dinge weet, is sekerlik nie die punt van inligting bymekaarmaak nie.

Inligting en kennis het eers waarde as 'n mens daardie inligting prakties kan gebruik. Iemand wat kennis en inligting bymekaarmaak en dit onthou, sal ons sê is 'n slimkop. Maar 'n slimkop is nie noodwendig 'n wyse mens nie. 'n Wyse mens is iemand wat daardie kennis prakties kan gebruik tot voordeel van ander mense en tot eer van God.

Daar is verskeie mense wat al baie kennis van die Bybel het. Hulle kan vir jou die verhale van Noag en Simson en Paulus tot in die fynste besonderhede oortel. Daar is ook mense wat selfs die hoofstuk en versnommers van elke gebeurtenis vir jou kan byvoeg. Om jou Bybel so goed te ken is goed en bewonderenswaardig. Elke gelowige behoort sy Bybel so goed te ken dat hy dit kan oortel. Dit is selfs aan te beveel om Skrifgedeeltes te memori-seer, want dit is wat 'n dissipel van Jesus Christus doen.

Ons sal sê dat iemand wat sy Bybel so goed ken, slim is met die Bybel. Jy sal hom moeilik kan vasvra, want hy het 'n goeie Bybelkennis. Die Here het egter sy Woord nie vir ons gegee sodat ons net 'n klomp kennis bymekaar moet maak nie. In die eerste plek het die Here sy Woord aan ons gegee sodat ons Hom daarin kan leer ken. In sy Woord openbaar die Here Homself aan ons.

Wanneer 'n mens die Here leer ken in die Bybel, moet dit nie wees soos wanneer 'n mens van een of ander glanspersoonlikheid in 'n tydskrif lees nie. Die Here openbaar Homself in sy Woord aan ons sodat ons Hom persoonlik en intiem sal ken as die genadige en regverdige God. Hy is die God wat vol liefde en genade is en Hy is terselfdertyd die God wat sondes vergewe, maar Hy laat die sondes geensins ongestraf bly nie. Wanneer 'n mens die Here so persoonlik en intiem leer ken, kan 'n mens onmoontlik dieselfde bly. Daar moet 'n verandering by 'n mens kom, want geen mens is meer volmaak soos die eerste twee mense wat God geskep het nie.

Broers, susters en kinders, in Spreuke 30 kom ons agter dat die Here werklik soewerein is. Hy kan enigiets en enigiemand gebruik in sy diens om Homself te verheerlik. In hierdie hoofstuk het die Here vir Agur gebruik om uitsprake van die Here neer te skryf. Van Agur en sy vader Jake weet ons niks behalwe dit wat hier geskryf staan.

Agur begin met diepe nederheid te spreek. Hy maak nie daarop aanspraak dat hy wysheid het nie. Hy bestempel homself as iemand wat nie eers 'n mens se verstand het nie. Asaf het in Psalm 73 ook so van homself gepraat toe hy probeer verstaan het hoe dit kan wees dat goddelose mense voorspoed beleef, maar hy wat 'n gelowige is moet soveel teëspoed beleef. Agur maak ook nie eers daarop aanspraak dat hy die Here behoorlik ken nie. Dit is nogal 'n teenstelling met hoe die drie vriende van Job gemaak het wat eerste by hom opgedaag het. Hulle het staatgemaak op die vermeende kennis wat hulle van God het en dit selfs gewaag om vir Job die dienskneg van die Here ernstig te vermaan. Met hulle vermeende wysheid het hulle die bal so ver mis geslaan dat die Here op die ou end kwaad geword het vir hulle en Job moes vir hulle bid.

Agur stel homself nie aan as iemand wat baie weet nie. Met die baie vrae in vers 4 toon hy aan waar die ware wysheid vandaan kom. Op elkeen van die daardie vrae is daar eintlik net een antwoord – en dit is God. Ware wysheid kom dus net van die Here af. En 'n mens kan hierdie wysheid leer slegs deur te luister na die woorde van die Here. Wie na God

luister en sy toevlug tot die woorde van die Here neem, sal ondervind dat hy veilig en beskut is deur die Here self.

Die Here het oor verskeie dinge wysheid vir Agur geleer en die Heilige Gees het hierdie dinge wat Agur geleer het, laat neerskryf. Ons wil in besonder luister na die wysheid wat die Here aan Agur geleer het in die vier diere wat klein is maar uitermate wys is.

Al vier wat die Here uit die dierewêreld aan ons voorhou – miere, klipdassies, spinkane en geitjies – is op aarde maar klein. In die oë van die mens wat so dikwels net vir homself leef en dink dat die wêreld om hom behoort te draai, is hierdie vier diertjies onbenullig en onbelangrik. Hoeveel maal slaan ons ag op hierdie diertjies? Hulle is meermale eerder vir 'n mens 'n irritasie as 'n bron van wysheid, soos miere en spinkane. Of hulle is oulik, soos die klipdassies en geitjies, maar ons merk hulle vir 'n oomblik op en dan gaan ons weer aan met ons eie dinge.

Die Here sê: Alhoewel hierdie vier diertjies klein is, is hulle uitermate wys. Daar is nie 'n skool waar hierdie vier diertjies gaan leer om te doen wat hulle moet doen nie. Vinnig sal ons beteweterig sê: Ja, maar hierdie diertjies doen eenvoudig net dit wat hulle behoort te doen omdat die Here hulle so geskape het. Vanuit die hoogte sal 'n mens kan sê dat hulle net instinktief optree.

Ons mag sê dat die diertjies instinktief optree. Maar waarom sê die Here dat hulle uitermate wys is? Hulle doen presies waarvoor en soos wat die Here hulle geskape het. Hulle val perfek in by die plan wat die Here met hulle het toe Hy hulle geskape het. Ons wat die voor-reg het om die hele geopenbaarde waarheid van die Here op skrif te hê, kan terugkyk en vra: Sou dit nie wonderlik en Godverheerlikend gewees het as die mens ook maar aangehou het om perfek in te val by die plan wat die Here vir hom gehad het toe God hom geskape het, naamlik om beeld van God te wees op hierdie aarde?

Maar nee, ons eerste ouers was mos moedswillig en het gedink dat hulle beter kennis sal kry as hulle na die duiwel luister. Mense is vandag nog net so moedswillig en dink hulle kan vinniger en beter kennis op ander plekke kry as by die Here self. Die Heilige Gees wys ons vanoggend dat dit nie waar is nie. Mense het so ver van die Here af weggedwaal dat Hy hulle met die vier diertjies moet leer wat wysheid regtig is. Laat ons onself ook nou verneder om die beginsels van wysheid by hierdie vier diertjies te leer.

Aangaande miere sê die Here:

Die miere is nie 'n sterk volk nie, en tog berei hulle hul voedsel in die somer.
(Spreuke 30:25 AFR53)

'n Mier is maar bitter klein in vergelyking met 'n mens. Selfs nie eers baie miere op een slag, is sterk genoeg om 'n mens om te stamp nie. Alhoewel miere nie sterk is nie, is hulle wys genoeg om gedurende die somer hulle kosvoorrade bymekaar te maak. Wanneer die winter dan aanbreek, het hulle genoeg kos.

Hoe behoort die mens vir die “winter” voor te berei? Die “winter” vir die mens is wanneer daar nie meer iemand is wat die evangelie van Christus verkondig nie. Vir ons klink so iets ondenkbaar. Op die CNA en Cum Boekwinkel se rakke staan daar Bybels by die honderde. Die Woord word nog elke Sondag twee maal verkondig. Israel het ook so selfvoldaan geword omdat die verkondiging van die Woord van die Here volop was in 'n stadium. Maar deur sy profeet Amos het die Here 'n baie ernstige waarskuwing laat hoor:

Kyk, daar kom dae, spreek die Here HERE, dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die HERE te hoor. En hulle sal swerwe van see tot see en rondslinger van noord na oos, om na die woord van die HERE te soek, maar hulle sal dit nie vind nie.
(Amos 8:11-12 AFR53)

Die eerste ding wat elke mens behoort te doen, is om Jesus Christus in die geloof te omhels as sy Verlosser. Daar kom 'n dag van oordeel wanneer elke mens voor die regterstoel van God sal verskyn. En elkeen wat nie 'n bruilofskleed aan het nie – elkeen wat nie met die geregtigheid van Christus bekleed is nie – sal nie kan deelneem aan die bruilofsmaal van die Lam nie.

En as jy een van die bevoorregtes is om Jesus Christus reeds as jou Verlosser te ken en te bely, is dit nou die tyd om kennis van die Here en sy Woord bymekaar te maak. Daar kom in 'n mens se lewe 'n tyd waarvan jy sal sê dat jy nie daarin behaer het nie. Dit is die dae wanneer jou ore doof geword het en jou oë dof. Dan kan jy nie meer lees en hoor nie. Gebruik nou die tyd om die Woord te lees sodat die Heilige Gees dit op die tafels van jou hart kan skryf. Dan sal jy 'n voorraad hê wanneer daardie dae aanbreek waarin jy nie 'n behaer het nie.

Aangaande die klipdassies sê die Here:

Die klipdassies is nie 'n magtige volk nie, en tog maak hulle hul huis in die rots.
(Spreuke 30:26 AFR53)

Net soos die miere is die klipdassie nie sterk nie. Teen roofdiere en roofvoëls is hy weerloos. Maar die diertjie bly doen waarvoor die Here hom geskape het – hy maak sy huis in die rots. Wanneer die gevaar dreig, is die dassies blitsvinnig in die rotsskeure in. Daar kan 'n roofdier hom nie bykom nie.

Die gelowige het vyande wat hy nie op sy eie sal kan baasraak nie. Sy vyande is die duiwel en die wêreld van buite af en dan is daar nog 'n derde een wat sommer binne-in die vesting is – sy eie sondige geaardheid. Die gelowige wat dink dat hy op sy eie weerstand sal kan bied teen net een van hierdie vyande, sal baie gou agterkom dat dit 'n dom besluit was. Daar is al baie gelowiges wat jou sal vertel dat 'n gelowige nie uit sy eie stand kan hou teen enige van hierdie vyande nie.

Die wyse gelowige neem sy toevlug tot die Here, want die Here alleen is sy rots en sy heil, sy rotsvesting sodat hy nie sal wankel nie (Ps 62:3). Die gelowige wat sy toevlug tot die Here neem, sal ondervind dat die beloftes van die Here soos massiewe hoë rotswande rondom hom verrys, sodat hy veilig kan wees. Laat elke gelowige dan dag na dag tot agter Jesus aan tot die Here roep: *Ons Vader wat in die hemel is, laat my nie in die versoeking kom nie, maar verlos my van die Bose.*

Aangaande die sprinkane hoor ons:

Die sprinkane het geen koning nie, en tog trek die hele swerm in goeie orde uit.
(Spreuke 30:27 AFR53)

Onder die sprinkane is daar nie 'n leierskapstruktuur nie. Daar is nie een sprinkaan wat die leiding neem nie. En tog, wanneer die swerm aan die trek is, gebeur alles in goeie orde. Een sprinkaan is maar klein en onbenullig. Selfs 'n klein seuntjie kan 'n sprinkaan oorweldig. Maar wanneer 'n swerm sprinkane in goeie orde aangerol kom oor die velde,

staan selfs die sterkste onder die manne magteloos en toekyk hoe die sprinkane elke sprietjie op die veld verorber.

Elke gelowige behoort self in 'n hegte verhouding met die Here te lewe. Niemand kan op iemand anders se geloof staatmaak en dink hy sal so voor die Here tereg kom nie. Elke gelowige moet self in Jesus Christus glo, so leer die Here ons. Maar tog praat Hy nooit van 'n private geloof nie. Hy wil ook nie dat gelowiges op hulle eie wees nie. Daarom voeg Hy elkeen vir wie Christus aan die kruis gesterf het in 'n gemeenskap van gelowiges – die kerk van Jesus Christus.

Die Heilige Gees deurdrenk elke gelowige en al die gelowiges saam. Aan elke gelowige gee die Heilige Gees 'n gawe soos wat die Here self besluit het. Onder leiding van die Heilige Gees wend elkeen dan sy gawes aan tot eer van God en tot voordeel van die ander gelowiges. Wanneer elke lidmaat in die kerk van die Here so werk, dan werk die hele liggaam van Christus – die kerk – in goeie orde tot eer van die Here. Sprinkane trek instinktief saam in 'n swerm. Gelowiges werk saam – nie instinktief nie – maar omdat hulle deur die een Gees gelei word om die eer van die Here voortdurend te soek.

Aangaande die geitjie sê die Here:

Die geitjie kan jy met die hande gryp, en tog is hy in die konings se paleise.
(Spreuke 30:28 AFR53)

Die woord wat met *geitjie* vertaal is, kan ook met *spinnepkop* vertaal word. 'n Geitjie is nog 'n oulike diertjie, maar min mense hou van spinnepkoppe. En tog kry 'n mens selfs geitjies en spinnepkoppe in die paleise van konings. 'n Mens sou verwag dat hierdie diertjies nie daar hoort nie.

Kyk ons rondom ons, is daar miskien sommige Christene wat ons ook nie sal reken in die troonsaal van die Here behoort te kom nie. Hoeveel gelowiges is daar oor wie jy miskien wonder – daardie een wat so vals sing en dan ook nog so hard sing, daardie een van wie jy dink dat hy te inmengerig is, daardie jong enetjie wie se kleredrag jou glad nie aanstaan nie.

Indien die Here jou hulle nou sal laat sien, soos wat hulle gaan lyk en wees wanneer Hy hulle volmaak gemaak het, sal jy verwonderd staan. Maar in elk geval, hoekom sal jy sê dat jy in die troonsaal van God toegelaat moet word? Omdat jy beter sing as ander of omdat jou haarstyl en kleredrag nie aandag trek soos die jong enetjie s'n nie. Nee, elkeen wat in die troonsaal van God sal kom, kom daar slegs op grond van die verlossingswerk van Jesus Christus en nie oor iets wat jy is of doen nie.

Mag ons almal nederig word en by hierdie klein onbenullige diertjies die vier beginsels van wysheid leer. Maar laat ons dit nie net leer nie. Dit is eers wysheid wanneer ons prakties die kennis in werking stel in ons eie lewens.

Amen!

Slotgebed

Psalm 146:3, 4 (p. 700)

- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE^oalleen bly wag.

4 Dis die HEER wat aarde en hemel, / die getuies van sy mag,
met die see en wat daar wemel, / voortbring het deur sy krag;
wat, onwrikbaar in sy trou, / altyd sy beloftes hou.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
30 September 2018